Bid gedurig - sonder ophou.

Januarie 2016 Gebedskalender – NG Kerk Hottentots Holland

Gebed

Here, voorheen het ek gedink
gebed is om met U te praat.
Later het ek besef dis
veral ook om na U te luister,
om u stem te hoor,
u wil te voel
en u gedagtes te leef.

Maar nou, Here, besef ek dat
gebed al hierdie dinge is
en soveel meer.
Want om werklik te bid,
Is om totaal en al leeg te word
van myself.
Om alles wat ek is,
Voor U te lê.
Om niks te word
sodat ek in U alles kan word.

Help my om so leeg te word
dat ek in U opgeneem word
todat ons een is.
Een in denke.
Een in wese.
Een in wil

Maak my gestroop
sodat ek van U sal oorloop.
Want dan, Here,
leef ek … hoop.

Uit *Sielsgedagte* deur Milanie Vosloo

Kom ons bid vir ...

Ons Gemeente

- Bid vir ons leraars – Hennie en Ewald – en vir hulle gesinne.
- Bid dat elke gemeentelid daartoe sal bydra dat ons 'n gasvrye gemeente sal wees, wat almal laat tuis voel en deel maak van ons gemeente-familie.
- Bid dat ons sal uitreik na mense wat siek is, eensaam is en in nood verkeer – dat hulle deur ons optrede Jesus se liefde en nabyheid sal ervaar.
- Bid dat die Here verheerlik sal word deur al die gemeente aktiwiteite wat vir 2016 beplan word.

Senior Lidmate

- Bid vir al die inwoners en die verpleegpersoneel van ons versorgingsoorde.
- Bid vir die Mooiberge Projek waarmee ons mense wat alleen, oud en broos is wil bedien met Jesus se versorgende liefde.

Jeug

- Bid vir Nicola wat vanjaar ons jongmense gaan help om Jesus beter te leer ken en om Hoop-gewers te wees.

Suid-Afrika

- Bid vir ons regering.
- Bid vir reën.
- Bid vir vanjaar se plaaslike verkiesing.

Liefde na Buite

- Bid vir die werksaamhede van die volgende aksies waar ons gemeente betrokke is: Aanhouwen, Heartlands Baby Sanctuary, Free to Serve, Huis Andrew Murray, Macassar Jesusbende, MHELP, Simanyene, Disakloof Jeugterrein en die Helderberg Street People Centre.

Sake vir daaglikse voorbidding

- **SONDAG: Die uitdra van die evangelie**
  - Dat elke prediker deur die Heilige Gees vervul sal wees
  - Dat die hoorders daders sal word
  - Dat gelowiges toegerus sal word vir die week
  - Dat ongelowiges tot geloof sal kom
  - Vir die vertaling en verspreiding van die Bybel
- **MAANDAG: Opleidingsinstellings**
  - Dat elke dosent en onderwyser Christus sal verheerlik
  - Dat elke leerder gehalte onderrig sal kry
  - Dat dissipline herstel sal word
  - Dat die jeug reg gevorm sal word
  - Dat dosente en onderwysers geesdriftig sal volhard
- **DINSDAG: Die jeug**
  - Dat ouers die regte voorbeeld sal stel
  - Dat kinders die Here tuis sal leer ken
  - Dat kinders groepsdruk sal weerstaan
  - Dat kinders die regte keuses sal maak
  - Dat kinders mekaar na Jesus sal lei
- **WOENSDAG: Owerhede**
  - Dat ons leiers die Here sal leer ken en volg
  - Dat die regering die regte besluite sal neem
  - Dat die parlement God sal verheerlik
  - Vir die veiligheidsdienste, polisie en weermag
  - Dat misdaad en korrupsie uit ons land sal verdwyn
- **DONDERDAG: Sending en getuienis**
  - Vir ‘n sending visie en -passie by elke gelowige
  - Vir al die sendelinge en hul gesinne
  - Dat Christene die Woord vreesloos sal uitleef
  - Dat die Gees harte sal voorberei en verander
  - Vir die nodige finansies vir die werk
- **VRYDAG: Diens van barmhartigheid**
  - Vir kundige hulp aan werkloses en armes
  - Vir bevryding uit die armoede spiraal
  - Vir instellings wat mense probeer help
  - Vir die nodige finansies hiervoor
  - Vir elkeen wat in beproewing verkeer
- **SATERDAG: Herlewing**
  - Dat elke Christen die Here sal ken en gehoorsaam
  - Dat God op elke vlak van die lewe verheerlik sal word
  - Dat die Heilige Gees kragtig sal werk
  - Dat die kerk ‘n verskil in die wêreld sal maak
  - Dat ons gereed sal wees vir die wederkoms van Christus

Bron *Uit die Beek 2016* deur Attie van Wijk

Julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra.
(Matteus 6 vers 8)

060 981 8443 – Familiekerk Hottentots Holland Hulplyn

Kom enige nood onverwags oor jou pad. Los gerus ‘n boodskap (Voice Mail, SMS of WhatsApp) 24 uur van die dag. Ons is nooit té besig om te luister óf te help nie.

Weeklikse Gebedsgeleentheid

Dinsdae om 15h30 by die Kerk. Ons bid vir ons gemeente, ons land en vele ander sake. Almal is welkom.